TEOLOGIESE OPLEIDING IN AFRIKA ONDER DIE LOEP

JURGENS HENDRIKS

Prof Jurgens Hendriks is verbonde aan die Departement Praktiese Teologie en Missiologie van die Universiteit van Stellenbosch.

NetACT (Network of African Congregational Theology) is 'n netwerk van ag Gereformeerde/ Presbiteriaanse teologiese skole in Kenia, Zambië, Zimbabwe, Malawi, Mosambiek en Angola saam met die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch.

NetACT het in 1997 begin met 'n regte "Toer door Afrika" waar vier van ons dosente 37 teologiese skole buite ons landsgrense besoek het en hulle oor teologiese opleiding uitgevra het. Op só 'n reis val baie dinge (naas "potholes", donkies en malaria) 'n mens te beurt. Armoede is 'n vloek in Afrika – dit het 'n uitwerking op alles, ook op teologiese opleidingsentra. Toe ek in 1999 in Lusaka klas gegee het, vra ek een maal 'n ywerige klas van 20 of meer studente om elk 'n identiteitsanalise van hulle gemeentes te skryf. So leer hulle my van Afrika. Die klas bly onseker wag en 'n jong dominee steek sy hand op om te vra hoe lank die werkstuk moet wees.

Ek is ontwykend, want dit hang mos van baie goed af. Niemand wou egter loop voor hulle nie 'n presiese getal bladsye as antwoord gekry het nie. Na die klas kom Nico Mostert, toe die plaaslike NGK dominee, vir my sê wat die rede vir die aandrang op 'n getal bladsye is. Hulle moet gaan papier koop en in Lusaka koop jy los bladsye by plekke soos die poskantoor, voor op die sypaadjie. Skryfpapier is nie in Afrika vanselfsprekend nie. Om teksboeke te koop, is buite die gewone student se verwysingsraamwerk.

Die Prinsipaal en "Dean of Studies" van die Gereformeerde Kweekskool in Angola het onlangs hier besoek afgelê. Manie Taute van Hefsiba Teologiese Skool in Mosambiek, wat Portugees magtig is, het hulle na die oorlog gaan opsoek en so kom hulle toe na die NetACT jaarvergadering. Dit was die eerste keer dat hulle buite Angola kom. In een van die gange in die Kweekskool sien hulle 'n boekrak van vyf meter lank vol ou boeke. Almal wat boeke wil weggee, sit hulle boeke daar en mense kan enige tyd enige boek op daardie rakke vat. Die twee Angolese stop in ekstase voor die boekrak – "Is this your library?" vra hulle verwonderd. Toe hulle later die regte biblioteek sien, was dit asof hulle op die nuwe aarde aangekom het. Hulle het nie gedink so iets is moontlik nie. Hulle het nie eens een rak vol boeke in Angola nie. Wat sal hulle van Princeton se biblioteek sê? Die sewende hemel?

’n Mens moet nie te kwaai morele oordele maak oor iets soos HIV/vigs in Afrika as jy nie weet wat armoede is nie.

Van ons dosente het sedertdien by al die instansies gaan klasgee – ’n uiters waardevolle ondervinding as jy M- en D-studente uit daardie lande moet begelei. NetACT het in 2000 in Nairobi begin. In 2001 is die eerste konstitusie in Lusaka opgestel. In 2002 was ons jaarvergadering in Lilongwe, Malawi en vanjaar was dit in Stellenbosch.

NetACT se naam dui op die klem wat al die instansies op gemeentebediening plaas. Geen kerk, sinode of Kweekskool kan immers bestaan as daar nie gemeentes is nie. Die endemiese probleme waarin ons in Afrika worstel, kan nie hanteer word sonder dat mense in geloofsgemeenskappe verander en ’n ander kultuur in ’n land en kontinent indra nie.

Kruisgewys wou weet oor teologiese opleiding in Afrika. Teen die bogenoemde agtergrond kan ek ’n paar dinge deel. Ek is dankbaar ek kan in Afrika wees en my kinders hier grootmaak. Blootstelling aan die mense en uitdagings van die groter Afrika het my lewe verander, het ons Fakulteit verander en dit is besig om met ons teologie te praat. ’n Mens sukkel maar om uit jou Westerse “comfort zones” te kom. Ek aanvaar dit is ’n proses en ons broers sal met ons en ons met hulle ’n pad stap.

Daar is ook probleme: Baie van die teologie en kerklike kultuur is nog deursuur met die DNA van die sendeling era. Dit was ’n wonderlike era, maar teologies en in die bedieningspraktyk is daar ’n onvermoë om Woordgetrou en profetiese teologie te beoefen. ’n Mens sien die NGK se foute en tekortkominge telkens in ander gestaltes in die lande. Die opleidingsentra is onderbeman en daar is bitter min geleenthede vir navorsing doen en artikels skryf. Dosente werk vreeslik hard aan klasvoorbereiding en nasienwerk doen. Daar is tekorte aan alles en geld is altyd te min. Vanuit ’n Suid-Afrikaanse perspektief is salarisse skrikwekkend laag. Goeie dosente kan maklik elders beter werk kry. Die HIV/vigs probleem is angswekkend, in die kerk en kerklike geledere ook. Die stilte daaroor is dawerend. Kommunikasie is soms ellendig, pos raak weg, telefoonlyne is af ... ensovoorts.

Wat is die uitdagings dan? Ons droom is om mekaar te help om leierskap te ontwikkel wat met teologiese integriteit met die probleme in elke land kan omgaan. Om dit te bereik, moet daar in elke land ’n opleidingsentrum wees wat teologie kontekstueel kan beoefen. Die evangelie moet immers die kultuur suiwerend en opbouend kan aanspreek. Die tradisie waartoe ons behoort, is in dié opsig vanuit ’n ekumeniese hoek beskou, ’n belangrike rolspeler. Ons help mekaar dus om fondse vir ons projekte te vind. Ons het al ver gevorder in die opbou van ’n gesonde kommunikasiestruktuur. Dosente word uitgeruil, biblioteke word ontwikkel, beurse en navorsingsgeleenthede word vir dosente en belowende leraars gevind, oorsese vennote word betrek, baie aandag word aan kurrikulum ontwikkeling gegee en die HIV/Vigs vraagstuk word intens aangespreek.

Die kerk groei in Afrika. Ondanks die baie hartseer is daar iets in Afrika wat jou aangryp en vashou, wat jou in die Here se teenwoordigheid bring en wat jou energie gee.